## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.

## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Erin | Conradie | 03/15 |
| Liam | Haack | 03/15 |
| Susan | Laubscher | 03/15 |
| Hennie | van As | 03/15 |
| Ohlaf | Fourie | 03/16 |
| Corrali | Groenewald | 03/16 |
| Myrna | Human | 03/16 |
| Azél | Traut | 03/16 |
| Morgan | Williams | 03/16 |
| Ria | Dreyer | 03/17 |
| Johann | Rentzke | 03/17 |
| Marjorie | Willemse | 03/17 |
| Ria | Dawson | 03/18 |
| Marietjie | Dunn | 03/18 |
| Pietie | Uys | 03/19 |
| Mias | Strauss | 03/20 |
| Sumarius | Uys | 03/20 |
| Thania | Venter | 03/20 |
| Elize | vd Westhuizen | 03/21 |

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

15 Maart 2026

## WELKOM!

### EREDIENSTYE

08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Msinga

### Vrydag

07h30 Mannebybelstudie
Hoenderbraai
JEUGBYEENKOMS: As gevolg van Imagine wat van 28 tot 30 Maart plaasvind, sal daar nie hierdie maand 'n Jeugfunksie wees nie.

### Sondag 22 Maart

08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Geopende Deure

### HOENDERBRAAI -20 Maart

Bestel lekker hoender en slaai by Johan Hattingh. Dit kos R60 per porsie. Poeding @ R15. Jy kan dit van 17h00 tot 18h00 by Struisbaaikerk kom afhaal. Kontak Johan betyds by 0832863976 as jy wil bestel. Fondsinsameling vir Kenia.

## Vanuit die Kerkraads-vergadering: Begroting

Die jaarlikse begroting vir 2026/2027 word goedgekeur en die balangrikste aspekte is die volgende:
Die inkomste was R 462 000 bo begroting. Hierdie was direk a.g.v. die eenmalige aanbieding van die foto-grafiekongres wat R267 000 ingebring het en die verhuring van die pastorie.
Die uitgawes was R81 000 meer as begroting, hoofsaaklik a.g.v. ekstra spandering aan die pastorie se opknap-ping en hoë KAM-rekening.
Surplus het R380 000 beloop
Basaars en Nampo inkomste beloop R345 000.
Die surplus sal hoofsaaklik vir die vol-gende aangewend word:
Opknapping van 2 kerkgeboue, gedeeltelike terugbetaling van lening wat aangegaan is vir die herstel van die pastorie en kombuistoerusting.

### NUWE LIDMATE

Ons verwelkom belydende lidmate Cobus en Geoleen Engelbrecht van NGK Skuilkrans.

**Teksvers:** Joh.8:12 - Op 'n keer het Jesus vir die mense gesê: " Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."

## Ons bid vir...

1.Kobus en Philene met die skielike afsterwe van hul seun Thys
2 Vrede in die Midde - Ooste.
3. Veiligheid vir mense soos Belia Lourens, wat in ons koor is, om by hulle familie te kan gaan kuier. Hulle plek is bespreek vir vandag.
4. Die Msinga-uireik.
5. Voorbereidings vir ons Herfsbasaar op 28 Maart.
6. Genade.

## DANKIE VIR:

1. Die lys van bedankings vir almal wat iets geleen, geskenk, gebak, gedek, blomme gedoen het, kaartjies geplak het, ensovoorts vir ons Damestee is ellelank:
1.1 Annalie Bonthuys, Cecile Basson, Jessie Franzsen, Karin Michau, Lida Rossouw, Marie van Zyl, Lidia Laing, Marlise Koekemoer en Joanie Pretorius het die High Tea saam beplan.
1.2 Proppie het die spreker gehuisves en voorgestel
1.3 Rika Carstens het die geskenkpakkie en reiskoste oorhandig en die spreker bedank.
1.4 Marlise, Jos en Karen Koekemoer het die meeste goed aangery, uitgepak, gedoen, weggepak en opgewas.
1.5 Jessie Franzsen, Marlise, Rae, Joanie en Annalie het mense genader vir geskenkbewyse en geskenke.
1.6 Karin Michau en Charlotte Spamer het groot koeke gebak. Die res van die mense wat eetgoed voorberei en/of geskenk het was Carin Burger, Marlise Koekemoer, Karen Koekemoer, Christa-Marié Williams, Elize Oosthuizen, Annalie Bonthuys en Lidia Laing en Joanie Pretorius.
1.7 Geskenkbewyse en/of geskenke is ontvang van gemeentelede, Harbour Café, Van Loveren, Theresa Meyer, Koekeloer, Living Waters, Blind Guys, Potpourri, South Bound, Struisbaai Apteek, Essie en Jan Beyer en Cakes by Karen.
1.8 Ronel Reesberg & Celia Basson het lootjies verkoop.
1.9 Karin Michau het begelei en die skyfies opgesit en verfraai.
1.10 Items vir die Fotohoekie is verskaf deur De Jagers, Marlise Koekemoer, Christa-Marié Williams, Letty-Ann Möller en Joanie Pretorius. At van Butterblock het gehelp met vervoer.
1.11 Kobus Pretorius was ons klankman.
1.12 Letty-Ann Möller van Radio Overberg het onderhoude gevoer.
1.13 Cecile Basson en gaste het foto's en video's geneem en met ons gedeel.
1.14 Erna Schuite het die kaartjieverkope hanteer.
1.15 Elize en Herman Oosthuizen het help stoele wegpak en regpak en gedoen wat nodig was.
1.16 Daar is seker nog baie mense wat in die agtergrond gehelp het, soos Max Michau en Tersia Erasmus en Danie Möller en Plestina.
Dankie aan elke liewe mens, veral aan elkeen wat 'n kaartjie gekoop het. Sonder julle was die funksie nie so 'n sukses nie!
2. Dankie vir almal wat kom help het in die kerk se kombuis om voor te berei vir ons basaar, die 28ste Maart. Hou maar die Netwerk dop om te sien

## Môre almal

Ons benodig asb poedings en vla vir 28 Maart se basaar. Kontak asb vir Carine 0732653106 of Elise 0828217585

# Doen & Deel

## DIE STORIE VAN DIE TEEKOPPIE

Mag almal van ons onsself sien as deel van God se meesterlike kreatiwiteit in hierdie inspirerende teekoppiestorietjie. Dink aan Jeremia 18 wat handel oor die pottebakker en die klei.
Daar was eendag 'n paartjie wat gereeld in die mooi winkeltjies van Engeland gaan snuffel het. Hulle kom toe op die mees besondere fyn porseleinkoppie af en vra toe vir die winkelassistent of hulle maar na die koppie mag kyk.
Sy gee toe die koppie aan, maar toe gebeur daar 'n vreemde ding...die koppie begin PRAAT! Die koppie vertel toe vir hulle dat sy nie altyd 'n koppie was nie. Sy was eers net 'n homp KLEI! Haar meester het haar opgetel en begin rol en druk en vorm... oor en oor en oor! Sy het later begin skree: " Los my nou!" Die meester het egter net geglimlag en gesê:" Nog nie."
Hy plaas haar toe op 'n spinwiel en ewe skielik word sy om en om gespin. " Stop! Ek word dronk in die kop!" het sy geskreeu. Maar die meester het net sy kop geskud en gesê: " Nog nie."
Toe sit hy haar in die oond. Sy het nog nooit so warm gekry nie. Sy het geskreeu en aan die deurtjie geklop. Sy kon hom deur die opening sien. Sy kon sy lippe lees wat sê:" Nie nou al nie." Uiteindelik gaan die deur toe oop en hy sit haar op 'n rak om af te koel. Daarna borsel hy haar af en hy verf haar orals. Die dampe was aaklig! Sy dog sy sou verstik."Hou op!" het sy uitgeroep. Hy het net sy kop geskud en gesê:" Nog nie."
Toe sit hy haar wéér terug in 'n oond. Dit was twee keer warmer as die eerste keer! Sy was bang sy gaan versmoor. Sy het gepleit en gehuil. Sy kon haar meester die heeltyd sien deur die opening, met sy kop wat ontkennend skud: " Nie nou al nie."
Dit voel toe vir haar of daar geen hoop vir haar is nie. Sy sal dit nooit maak nie. Sy was gereed om tou op te gooi, maar toe gaan die deur oop en hy tel haar uit en sit haar op 'n ander rak.
Een uur later het hy haar opgetel, in die lug gehou en gesê sy moet na haarself in die spieël kyk. Die koppie sê toe:" Dit is nie ek nie; dit kan nie ek wees nie. Dit is so PRAGTIG...ek is pragtig!"
Hy sê toe dat hy wil hê dat sy moet onthou, al was dit pynlik toe hy haar gerol en gedruk het, was dit nodig, want as hy haar net so gelos het, sou sy uitgedroog het en 'n stuk harde klei gebly het.
Hy het ook besef dat die gespin haar kop laat draai het, maar as hy opgehou het, sou sy verkrummel het. Hy weet dit was seer en warm en onaangenaam in die oond, maar as hy haar nie daarin gesit het nie, sou sy gekraak het. Hy weet die dampe was erg toe hy haar afgeborsel het en oor haar geverf het, maar as hy dit nie gedoen het nie, sou sy nooit hard geword het nie; sy sou geen kleur of skoonheid in haar lewe gehad het nie.
En as hy haar nie in die warmer, tweede oond gesit het nie, sou sy nie lank kon hou nie. Nou is sy 'n klaar produk. Sy is wat hy in gedagte gehad het toe hy aanvanklik met haar begin het. (Anonieme skrywer.)

WAT LEER ONS hieruit? God weet wat Hy doen...met elkeen van ons. Hy is die Pottebakker en ons is sy klei. Hy sal ons vorm, oor en oor en oor, totdat ons is wat Hy wil hê ons moet wees.
Mag die teekoppiestorie ons storie word en ons almal ons vrywillig oorgee aan die vorming van die Pottebakker. Doen slegs U wil, Heer, U wil met my. Laat ek nie doelloos, nutteloos bly. Vorm my en maak my, net soos U wil, tot elkeen Christus in my sien woon.

**Msinga - Uitreik** Belangstellendes kan met Kobus Meyer skakel @ 084 514 2838